Ges. 62: 1, 4
Ges. 118: 1, 2.
" 95: 6.

## Die Nuwe Gebod.

Joh. 13: 31-35;
1 Joh. 4: 7-12.

A/Kop Nagmaal 22 Nov. 59

Joh. 13: 34 - 'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.

'n Afskeidswoord is altyd 'n betekenisvolle woord, omdat dit 'n uiting is van die gedagtes wat d. mens die swaarste op d. hart lê. Nog meer betekenisvol word dit as dit kom van Een wat in dd. woord wat hier sy volgelinge van 'n opdrag, 'n gebod gee alle tye as gebod moet geld.

So 'n woord was die gebod van Jesus, gegee die aand met die instelling v.d. Nagmaal: Teks. Wat Xtus hier gee is nie 'n wens nie - 'n wens kan jy verontagsaam; dis nie 'n versoek nie - kan v.d. hand wys; dis 'n gebod - en 'n gebod moet jy of gehoorsaam of verwerp. ~~Daarby~~ In hierdie geval is dit ook nie net 'n ~~moet~~ gewone moet nie - dis 'n goddelike moet - en wie dit verwerp, verwerp nie net die gebod nie, maar ook Hom wat d. gebod gee. Omdat 'n (in die) Nagmaal Xtus ons stel voor die hoë en persoonlike toets / eis: Hoe staan dit met jou liefde tot My - en tot jou broer?

Om dit te verstaan let ons op:

I Die Aard v.d. Gebod: "Julle moet mekaar liefhê": Xtus laat hier die klem val op die liefhê as die belangrikste vereiste vir alle Xtelike verhoudinge. Hy roep ons nie op om te werk, te presteer, te veg of te offer, te getuig nie: Hy roep ons tot d. eis van lief te hê as d. hoogste verantwoordelikheid van een Xten tot die ander.

Maar omdat Hy weet dat elke mens, en ook elke Xten, sy eie opvatting, sy eie willekeurige maatstaf het vir wat in sy oë liefde is, daarom stel Xtus hier 'n duid. en onomwonde standaard van watter soort liefde Hy eis van sy dissipels en sy volgelinge: „Soos Ek julle liefgehad het". As Xtus dit nie gesê het nie, kan en sou ons ure en dae aaneen geredeneer het, ander mekaar vergelyk het oor hoe groot ons liefde vir mekaar nou werklik is! Mr. die oomblik toe Xtus hd. woorde uitspreek het Hy ~~dan~~ ons stilgemaak – skaam gemaak. Want sy liefde tot ons is so onpeilbaar diep, so heilig & volmaak, ~~sy~~ so alles-opofferend, so sonder reserwe, dat ons in skaamte ons kop moet laat sak en moet swyg. Want ons weet: hd. liefde van Xtus het altyd d. waarheid bemin, altyd d. swakste eerste gehelp, altyd ander se swaarte gedra, altyd gesoek om te dien, altyd die beste in d. mens te voorskyn geroep, altyd gereed gestaan om te vergewe waar 'n mensehart vergifnis verlang het! „Soos Ek julle liefgehad het".. Dis met 'n liefde wat uiteindelik die ganse las v. God se toorn teen sonde gedra en verseer het op die skandpaal wat op Golgotha ingespan was!

→ Het u al 'n liefde vir u medegelowiges, 'n mede-Xten langs u in dié kerkbank, dié straat of kantoor, dié gemeente probeer toets aan hd. goddl. liefde van Xt. Jesus vir u?

→ Het u al daaraan gedink dat u nooit u mede-Xten opreg 'n kan liefhê vandat u nie reeds bestaan van Xtus se liefde vir u nie?

II Dié Andersheid van hd. Gebod: Xtus noem dit 'n nuwe gebod: „dat julle mekaar moet liefhê" Mr. vir die Israeliet was dit geen nuwe gebod nie – trouens, reeds v.d. dae van Moses het die gebod van Lev. 19:18 ~~[illegible]~~ in elke Israeliet se ore geklink: „Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Hoe kan Xtus hd. gebod dan 'n nuwe gebod noem?

Dis nuut omdat: ① dit rus op 'n nuwe grond: „Soos Ek julle liefgehad het" = die grond van Xtus se offer a.d. Kruis. Tot hiertoe het dit gegaan om 'n ander lief te hê soos jouself – nou sou dit word om 'n ander lief te hê met 'n geheel andersoortige liefde, 'n ongekende liefde: dié van Xtus soos bewys in sy sterwe a.d. Kruis! ~~[illegible]~~ Van nou af die begrip „liefde" – 'n nuwe glans omskyn, nie d. glans v. Sinai, mr. van Golgotha!

② dit 'n nuwe kring omvat: nie meer die begrip van naaste, mr. 'n nuwe kring word hier gevorm, 'n nuwe fam. band word hier tot stand gebind, 'n nuwe verhouding kan hier tot stand: die van die broederliefde in Xtus! „Dat julle" dws. die dissipels, sy volgelinge „mekaar moet liefhê"

III **Die Advertensie van h.d. Gebod:** ~~[struck through]~~ hier by Xtus het dit nie gegaan om mooiklinkende woorde nie: hoe maklik kan die mens smous met 'n woorde soos "liefde" en "liefhê"! Vir Xtus het dit gegaan om 'n klinkklare bewys, om iets waaroor dit daar nie gespekuleer of gepraat moet word nie, maar om 'n persoonlike gesindheid tussen Xtus & Xten wat uitgeleef moet word – so uitgeleef dat alle mense rondom dit kan sien en weet! Soos 'n kenwysie 'n bepaalde radioprogram aandui, soos 'n firma sy kwaliteitsproduk voorsien van 'n duidelike waarmerk, so sou d. liefde onder mekaar d. waarmerk, die kenteken van d. ware Xtenskap wees: dat elke Xten aan sy medebroeder d. liefde skenk waarmee Xtus hom liefhet!

Eerste Xtene: „Hulle bemin mekaar voordat hulle mekaar ken"!

En ons? Wat van is ons deelname a.d. ? Wat van getuig dit? Hoegenl. 'n erkenning?

(1) Ons het nie h.d. liefde nie: te veel selfsug. eiebelang, sondige besigheid, hoogmoed, trots!

(2) Ons smag om h.d. liefde te ontvang; Erken: Xtus is magtig om dit in ons hart te plant: daar, mr. miskien ondeurdink, verstoot, versmaai!

(3) Ons bely ons gewilligheid om dit ewens aan iemand te bewys: